

Wat kan u kind skool toe aantrek?

Wat kan u kind skool toe aantrek?

Sunali Pillay het 'n neusknopie na die Durban Girls' High School gedra. Die skool het dit verbied en die kernvraag was of die skool ongrondwetlik teen haar diskrimineer het deur hierdie verbod. Die vraag kan ook gestel word of kinders toegelaat moet word om hulle godsdienste en kultuurpraktyke te beoefen wanneer dit gaan oor kleredrag, juwele, ens. Op 5 Oktober 2007 gee Hoofregter Pius Langa in die Konstitusionele Hof 'n uitspraak nadat die skool appèl aangeteken het teen die Durban se Hoërhof wat gesê het sy mag die knopie dra.

Ons hoogste Hof sê dat om leerlinge aan te moedig om godsdienste of kulturele oortuigings op skool uit te leef, is iets om oor fees te vier en niks om te vrees nie. Die skool kan nie vir Sunali verbied om haar knopie te dra as sy daardeur uitdrukking aan haar geloof en/of kultuur gee nie. Die Hof (al 11 regters is eenparig) het bevind dat die reël wat die dra van juwele op skool verbied die potensiaal het vir onregstreekse diskriminasie deurdat sekere groepe leerlinge toegelaat word om hulle godsdienste en kultuur op skool uit te leef terwyl ander deur die reël verbied word om dit te doen. Die getuienis in hierdie geval is dat die neusknopie 'n praktyk is van 'n sekere Hindoe-kultuur wat onlosmaaklike bande het met die Hindoe-geloof en met die grondwetlike reg op beskerming van Sunali se godsdienste en kultuur mag daar nie ingemeng word nie.

Dit is belangrik dat die Hof dit beklemtoon dat skooldrag en skoolreëls 'n baie belangrike rol speel in opvoeding maar dat hierdie saak niks met verpligte skooldrag te doen het nie maar met 'n spesifieke uitsondering. Daar is geen getuienis dat die dra van so 'n neusknopie dissipline in die algemeen of eenvormigheid binne skoolverband in gevaar sou stel nie. Die Durban Girls' High School moet dus hulle reëls wysig slegs tot die effek dat daar aan die redelike godsdienste en kultuur praktyke van leerlinge voldoen word.

Igna Klynsmith